


## Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM		DATUM		+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE				
	2020/02/17		2020/02/14		2020/02/10		2020/01/20		2019/02/18				
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data			
Brent (\$/b)	57.15	0.69 ↑	1.2%	56.46	↑	5.5%	54.15	↓	-13.0%	65.67	↓	-13.8%	66.27
US\$: ? ZAR	14.84	0.010 ↑	0.1%	14.83	↓	-1.1%	15.01	↑	2.7%	14.45	↑	5.0%	14.13
ΔCBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 2 206.01	-9 ↓	-0.4%	R 2 215.04	*CBOT Mar cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Corn Mar + -12 : 00 the previous day								
ΔCBOT Koring 8vm : 12nm*	R 2 958.67	-7 ↓	-0.2%	R 2 965.40	*CBOT Mar cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Wheat Mar + -12 : 00 the previous day								
ΔCBOT Soja 8vm : 12nm*	R 4 872.59	-11 ↓	-0.2%	R 4 883.48	*CBOT Mar cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Soybeans Mar + -12 : 00 the previous day								
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige handelingsdag)													
Mielies Mar '20	377.60	-1.80 ↓	-0.5%	379.40	↓	-2%	383.40	↓	-3%	389.20	↓	-7%	408.20
Koring Mar '20	542.60	-1.60 ↓	-0.3%	544.20	↓	-3%	558.60	↓	-5%	570.40	↓	0%	543.20
Sojabone Mar '20	893.60	-2.60 ↓	-0.3%	896.20	↑	1%	882.00	↓	-4%	929.00	↓	-8%	966.20
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige handelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)													
SORGHUM Spot	3215.00	0 ↑	0.0%	3215.00	↑	0.0%	3215.00	↓	-7.3%	3469.00	↓	-15.8%	3820.00
WMAZ Spot	2813.00	-84 ↓	-2.9%	2897.00	↓	-9.3%	3100.00	↓	-4.7%	2952.00	↓	4.3%	2698.00
WMAZ Mar '20	2768.00	-82 ↓	-2.9%	2850.00	↓	-9.5%	3060.00	↓	-5.0%	2915.00	↓	-6.2%	2952.00
YMAZ Spot	2639.00	-40 ↓	-1.5%	2679.00	↓	-8.3%	2878.00	↓	-6.7%	2830.00	↑	1.3%	2605.00
YMAZ Mar '20	2638.00	-43 ↓	-1.6%	2681.00	↓	-8.0%	2866.00	↓	-6.4%	2817.00	↓	-5.5%	2793.00
SOY Spot	5930.00	-15 ↓	-0.3%	5945.00	↓	-0.8%	5980.00	↓	-2.2%	6064.00	↑	23.5%	4802.00
SOY Mar '20	5862.00	-8 ↓	-0.1%	5870.00	↓	-1.0%	5920.00	↓	-2.7%	6024.00	↑	21.1%	4840.00
SUN Spot	5273.00	-68 ↓	-1.3%	5341.00	↓	-4.1%	5497.00	↓	-7.1%	5677.00	↑	1.0%	5220.00
SUN Mar '20	5268.00	-72 ↓	-1.3%	5340.00	↓	-4.7%	5528.00	↓	-7.5%	5696.00	↑	1.9%	5170.00
WHEAT Spot	4712.00	-23 ↓	-0.5%	4735.00	↓	-0.4%	4730.00	↑	3.4%	4555.00	↑	5.4%	4471.00
WHEAT Mar '20	4705.00	-45 ↓	-0.9%	4750.00	↓	-0.7%	4736.00	↑	3.2%	4560.00	↑	4.9%	4485.00
OLIESADE (US\$/ton)	2020/02/14	Bron: Oilworld			2020/02/07	2019/03/22	2018/04/30						
Soya-oil, Arg.	734	↓	-0.7%	739	↑	7%	685	↑	9%	676			
Soya-pell, Arg.	334	↑	1.2%	330	↑	2%	326	↓	-9%	368			
Soybean, USA	377	↑	0.8%	374	↓	-1%	379	↓	-8%	410			
USA Runner 40/50	1500	↑	0.0%	1500	↑	15%	1300	↑	15%	1300			
Sun-oil, Arg.	745	↓	-2.0%	760	↑	12%	665	↓	-7%	800			
Sun-oil, Black Sea	725	↓	-2.0%	740	↑	7%	675	↓	-3%	750			
Sunseed,Black Sea	410	↑	0.0%	410	↑	11%	370	↑	0%	409			
Rapeseed, EU cif	437	↓	-2.2%	447	↑	5%	417	↑	10%	399			
Palm oil Mal, EU	810	↓	-6.4%	865	↑	13%	720	↓	-22%	1037			
JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE													
<p><b>Sojabone:</b> In die internasionale sojaboonmark was die fundamentele markinligting wat gedurende Februarie bekend gemaak was meestal positief vir die aanbod kant, maar negatief vir die internasionale pryse. Die produksie skatting in Suid-Amerika is opwaarts aangepas met die opbrengste in beide Brasilië en Argentinië wat goed is. Die verwagting is dat Brasilië hierdie seisoen 'n nuwe rekord sojaboon-oes van tussen 125 en 126 miljoen ton sal hê, terwyl die nuutste skatting vir Argentinië se produksie tussen 54 en 55 miljoen ton beloop. Die Amerikaanse sojaboonmark het verlede week effens herstel en het hoër gesluit vir die week nadat die nuutste WASDE verslag verlede week aangetoon het dat die Amerikaanse eindvoorraad vir die seisoen aansienlik laer as die vorige skatting behoort te wees. Daar is tans egter onsekerheid in die mark of dit gaan realiseer aangesien die uitvoere na China toe aansienlik gaan moet toeneem. Alhoewel daar voorlopige handelsooreenkomste tussen die VSA en China onderteken is, is China steeds besig om die meerderheid van hul sojabone van Brasilië af in te voer en dit plaas die Amerikaanse uitvoere weer onder druk. In Argentinië vind die verwerking van sojabone teen 'n stadige tempo plaas as gevolg van laer produsente verkope en beperkte kapasiteit by van die aanlegte. Dit maak Argentinië se uitvoerbare voorraad van sojaboon olie en meel laer as normaal teen hierdie tyd van die seisoen. Die laer verwerking in Argentinië sal dus egter veroorsaak dat die sojaboon voorrade in Argentinië aansienlik hoër as normaal is teen hierdie tyd van die seisoen, en die nuwe stroop seisoen het reeds begin in Argentinië. <b>Plaaslik:</b> Die plaaslike sojaboonmark het verlede week gemeng verhandel, maar het byna onveranderd tot effens laer gesluit vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.</p> <p><b>Sonneblomsaad:</b> Die Russiese sonneblomsaad en sonneblomsaad olie uitvoere was volgens die verwagtinge, baie hoog gedurende Desember, en die tendens het ook so voortgegaan gedurende Januarie 2020. Die uitvoere vanaf Rusland is dus vir Januarie 2020 aansienlik meer as die gemiddelde uitvoere teen dieselfde tyd van die seisoen. Die meeste van uitvoere vanaf Rusland is verskeep na Turkye, die EU en China. Die sonneblom olie uitvoere vanaf die Oekraïne was ook hoër as die verwagtinge gedurende Januarie, terwyl die sonneblom meel uitvoere ook die verwagtinge oortref het. Die sonneblom meel uitvoere vanaf die Oekraïne is hoofsaaklik aangedryf deur die groot opbou van voorraad wat daar beskikbaar is. Die meeste van die sonneblom meel uitvoere is verskeep na China en Indië toe. <b>Plaaslik:</b> Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week hoofsaaklik onder druk gekom en het laer gesluit vir die week.</p> <p><b>Kanola:</b> In Kanada is die produksie van hoender en rooivleis besig om toe te neem en dit ondersteun die verbruik van oliesaad meel in Kanada. Kanada het groot hoeveelhede kanola beskikbaar weens laer as normale uitvoere wat veral na China toe plaasgevind het en dus is die Kanadese kanola pryse relatief goedkoop. Daar was 'n redelik goeie groei in Kanada se kanola meel verbruik gerapporteer wat die afname in die sojaboon meel uitkanselleer het. <b>Plaaslik:</b> Die plaaslike kanola produksie vir die seisoen is 96 200 ton.</p> <p><b>Grondbone:</b> In die internasionale konteks is die fokus steeds grootliks op die vraag kant. China se invoere van grondbone en grondboon produkte het die afgelope tyd skerp toegeneem en dit bied steeds ondersteuning aan die internasionale grondboon mark. <b>Plaaslik:</b> In die plaaslike mark is daar 37 100 ton grondbone aangeplant vir die seisoen. Oor die algemeen lyk die produksieomstandighede redelik goed tot dusver.</p>													
Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za													